9 Februarie 2018

Aan al die gemeentes en dominees

Beste dominee

Die volgende rondte van die NCLS-opname in Suid-Afrika begin in Augustus. Hierdie is die grootste opname onder erediensgangers in die wêreld. Ons nooi julle uit om aan hierdie rondte, wat vanjaar begin en tot in 2020 duur, deel te neem.

NCLS staan vir "*National Church Life Survey*". Dit is 'n kerklike navorsingsinstituut in Australië en ons werk sedert 2010 met hulle saam. Kliek hier om direk na hulle webblad te gaan vir meer inligting.

NCLS se visie is florende gemeentes met 'n diep verstaan van hulle rol en roeping in 'n veranderende samelewing. Hulle oogmerk pas dus perfek in by die groot beweging van die NG Kerk om ons gestuurde roeping te onderskei en uit te leef.

Die manier waarop die opname werk, is om gedrukte vraelyste wat voorsien word, in 'n erediens uit deel en te laat invul. Hierdie vraelyste word dan teruggestuur vir verwerkinng.

Die opname gaan oor drie kernkwaliteite van 'n gemeente se lewe:

1. Die innerlike kwaliteite van gemeentelede se geloof, aanbidding en hulle belewenis om te behoort.
2. Inspirerende kwaliteite wat gaan oor visie, leierskap en innovering.
3. Uitwaartse kwaliteite wat vra oor gemeentelede se diens aan ander, hoe hulle geloof deel en ander insluit.

Die uitsette van die opname gee vir gemeentes en die leierskap van die kerk 'n betroubare prentjie van lidmate se gewoontes en houdings. Dit gee ook gereedskap om raak te sien watter tendense bestaan en watter aanpassings in die bediening nodig is sodat die gemeente gesond en groeiend kan wees. Die krag van hierdie opname lê daarin dat die data uit die opname omgesit word in kennis wat jy in jou gemeente kan gebruik.

Hierdie e-pos is om julle te herinner om voorsiening te maak in julle begroting sodat julle kan deelneem. Jy moet genoeg vorms bestel sodat almal in 'n normale erediens een kan invul. Die koste struktuur is soos volg:

Aantal vraelyste	Koste (Rand)
150	2800
300	3800
450	5000
600	5500
750	6500
1000	8000
2000	12000

3000	16000
4000	20000
5000	25000

Hierdie koste sluit alles in – die vraelyste, verwerking daarvan, terugvoer, ‘n werkboek en toegang tot ‘n werkswinkel.

Dr Lourens Bosman
Algemene Bestuurder
Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk
Posbus 13528, Hatfield, 0028
Kantoor: 012 342 0092
Faks: +27 (12) 342 0380
E-Pos: Lourensb@ngkerk.org.za

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error. Thank you.